KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE INKVIS VISSERY: 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET GELEES WORD SAAM MET DIE ALGEMENE KONSEPBELEID OP DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE:2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Biologiese en hulpbronwisselwerking 4

3. Sektor Profiel 4

4. Medium-termyn regtetoekenning 5

5. Oorkoepelende visserysdoelwitte 6

6. Tydsduur van regte 6

7. Nuwe inkomelinge 7

8. Evalueringskriteria 7

8.1 Uitsluitingkriteria 7

8.2 Vergelykende balanseringskriteria 8

(a) Transformasie 8

(b) Belegging in die vissery 9

(c) Prestasie 10

(d) Afhanklikheid van die inkvisvissery 10

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 10

(f) Werksgeleenthede 10

(g) Nie-betaling van heffings 11

8.3 Bemagtiging van inkvis-vissers 11

8.4 Pogingtoekennings 12

9. Geskikte vaartuie 12

10. Multi-sektorale betrokkenheid 13

11. Aansoekfooie en heffings 13

12. Bestuursmaatreels 14

11.1 Die ekosisteem benadering tot visserybestuur 14

12.2 Konsolidering van deelnemers 14

12.3 Vaartuie en visvangpoging 14

12.4 Monopolisering 15

13. Prestasiemeting *15*

14. Waarnemersprogram *15*

15. Permitvoorwaardes *16*

1. Inleiding

Hierdie dokument is 'n konsepbeleid vir openbare kommentaar oor die toekenning en bestuur van kommersiële oesregte in die inkvis vissery soos uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement"). Hierdie konsepbeleid moet saamgelees word met die Algemene Konsepbeleid op die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Visvangbeleid"). Belanghebbendes en ge-affekteerde partye mag skriftelike kommentaar voorlê aan die Departement voor 4 April 2005. Kommentaar wat voorgelê word na hierdie datum sal nie oorweeg word nie. Kommentaar moet as volg voorgelê world:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doelwit van hierdie konsepbeleid is om die oorwegings uiteen te sit wat sal geld by die toekenning van kommersiële inkvisregte. Baie van die oorwegings in hierdie konsepbeleid is niks nuuts nie. Hulle is reeds vantevore toegepas deur die Departement in die toekenning van regte. Hierdie beleid weerspieel hierdie oorwegings, maar sluit ook 'n aantal veranderings en byvoegings in.

Sekere bestuursbeleidrigtings wat sal geld na die toekenning van regte word ook in hierdie konsep beleidskrif behandel. Die Departement sal 'n Inkvis Bestuurshandleiding ontwikkel in samewerking met al die regtehouers gedurende die loop van 2006. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die bestuursmetodologie en prosedures uiteensit vir die vissery.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is van voorneme om die sogenaamde artikel 18 magte om inkvisregte toe te ken, in terme van artikel 79 van die Wet op Lewende mariene Hulpbronne *("die WLMH"*), aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Biologiese en hulpbronwisselwerking

Deelnemers in die inkvis vissery spits toe op tjokka (*Loligo vulgaris reynaudii*), wat die mees algemene inkvis in die Suid-Afrikaanse kuswaters is.

Tjokka word aangetref tussen Namibië in die weste en die Wildekus in die ooste. Soos alle inkvis voltooi hulle hul lewensiklus binne twee jaar. Hulle bereik seksuele wasdom binne een jaar nadat hulle uitgebroei het. Die maksimum grote is 46 sentimeter vir die mannetjies en 28 sentimeter vir wyfies. Bevrugting vind plaas op die seebodem, gewoonlik in vlakwater areas, maar somtyds in diep water op die Agullas seebank. Dit vind plaas dwarsdeur die jaar, maar meer algemeen gedurende die somer. Tjokka aas op skaaldiere en vis.

Daar is groot verandering in die hoeveelheid tjokka. Die effek van veranderinge in die spesies wat inkvis teiken, prooi beskikbaarheid en die fisiese omgewing word meer akuut ervaar deur inkvis, omdat kontinuiteit oor jare nie bereik kan word nie.

Tans is daar 'n rekord voorkoms in tjokka getalle, maar ervaring toon aan dat 'n wesentlike afname verwag kan word.

3. Sektor Profiel

Tjokka (hierna na verwys as inkvis) word reeds vir baie jare as aas gebruik deur lynvissers. Die spesie word ook aan land gebring as 'n byvangs in die bodemvis treilvissery. Gedurende die 1960's en die 1970's was hulle swaar ge-oes deur buitelandse visvangmaatksappye. Gedurende hierdie tyd is inkvis hoofsaaklik gevang deur treilers uit die Verre-ooste. Oorsese aktiwiteite is

uitgefaseer in die laat 1970's en vroeë 1980's, nadat Suid-Afrika 'n Eksklusiewe Ekonomiese Sone (*"EES")* verklaar het. Inkvis en ander kefalopode, insluitende 'n aantal spesies inkvis en seekat, is egter nog steeds deur Suid-Afrikaanse treilers gevang. Die tjokka byvangs in die bodemvis treilvangsvissery wissel tussen 200 en 600 ton jaarliks.

'n Toegewyde jiggerboot vissery vir tjokka is in 1984 begin. Die jiggerbote word opereer deur middel van handlyne wat dit dus 'n besondere arbeidsintensiewe vissery maak. In 1989 het die jiggerboot vissery sy hoogste vangs van 9 800 ton aangeteken. Gemiddelde vangste in die 1990's het gewissel tussen 6 000 en 6 500 ton per jaar. Inkvis word ter see gevries, gewoonlik in blokke van 10 kilogram. Dit word gewoonlik aan land gebring tussen Plettenbergbaai en Port Alfred en heel na Europa uitgevoer. Gedurende 2002, toe die Suid-Afrikaanse Rand op sy laagste vlak was teenoor die vernaamste geldeenhede, het die prys van inkvis gestyg tot amper R50 per kilogram. Die gemiddelde prys van inkvis gedurende 2004 was R30 per kilogram.

Tussen 1986 en 1988 is 'n lisensiëringstelsel ingestel met die oog daarop om die aantal vaartuie wat deelneem aan die vissery te beperk. Die vissery word tans gereguleer in terme van 'n totale ontplooide vangspoging ("*TOV*"). Die inkvis vissersvloot is verdeel in vaartuig kategorieë en die maksimum toelaatbare bemanning vir die vaartuie in elke kategorie is vasgestel. Sedert 1988 word die vissery eenmaal 'n jaar vir vier weke toegemaak in 'n poging om die effek van *"kruipende poging*" tee te werk. 'n Toename in die doeltreffendheid van vaartuie en vangstegnologie het gelei tot 'n toename in vangs doeltreffendheid.

Die tjokkabedyf verskaf werksgeleenthede aan ongeveer 3 000 mense, insluitende personeel aan land. Die vangs wat aan land gebring word per jaar, is meer as R180 miljoen werd.

4. Medium-termyn regtetoekenning

Gedurende 2001 het die Departement regte toegeken aan 128 kommersiële inkvisondernemings wat beteken dat 2400 bemanningslede gemagtig is om te vis vir inkvis op 145 vaartuie. Toewysingsrekords toon aan dat:

- Swart persone die meerderheids-eienaarsbelang het in 33 persent van regtehouers;
- 61 persent van die werkers is swart;
- omtrent al die regtehouers is klein- en mediumgrote ondernemings (“*KMOs”)*.

Die bemanning is toegewys aan vaartuie wat deur die suksesvolle aansoekers genomineer is. Die getal bemanningslede wat aan elke vaartuig toegewys is, hang af van die lengte van die vaartuie.

5. Oorkoepelende visserysdoelwitte

Die oorkoepelende doelwitte met die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is om:

- Die transformasie profiel van hierdie vissery wesenlik te verbeter;
- Die sogenaamde ‘beperkte regte’ met die vissery te integreer;
- Aansoekers wat woon in die Oos-Kaap of wie se geregistreerde besigheidsadres daar, is te ondersteun;
- Verdere belegging in vaartuie, infrastruktuur en werksgeleenthede, veral deur voorheen benadeelde indiwidue aan te moedig;
- Regte toe te ken aan aansoekers wat hoofsaaklik van inkvis afhanklik is vir hulle inkomste;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te ondersteun;
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker.

6. Tydsduur van regte

Met in agneming van –

- die transformasie profiel van die vissery;

- die wesentlike wisselings in die beskikbaarheid van die bron;

sal die Departement kommersiële regte vir ‘n periode van agt jaar toeken (1 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2013). Elke regtehouer sal egter met gereelde tussenposes getoets word teenoor vooraf vasgestelde prestasiekriteria, insluitende die bereiking van ooreengekome transformasie doelwitte (**sien paragraaf 13 hieronder**).

7. Nuwe inkomelinge

Alhoewel die inkvisvissery tans optimaal ontgin word en daar nie plek is vir bykomende deelnemers nie, sal nuwe inkomelinge se aansoeke oorweeg word en mag selfs voorkeur geniet oor bestaande regtehouers, indien hulle insluiting sal bydra tot die transformasie van die inkvisvissery.

8. Evalueringskriteria

Aansoeke sal gesif word volgens ‘n stel “*uitsluitingskriteria*”. Aansoeke van nuwe deelnemers en bestaande regtehouers sal daarna afsonderlik oorweeg word in terme van ‘n stel gelaaide “*vergelykende balanseringskriteria* ”. ‘n Afsnypunt in terme van punte toekenning sal dan bepaal wie die suksesvolle aansoekers is. ‘n Deel van die TOV sal dan toegeken word aan elke suksesvolle aansoeker ooreenkomstig ‘n stel *“kwantumkriteria”.*

8.1 Uitsluitingkriteria

Aanvullend tot die uitsluitingskriteria wat genoem word in die Algemene Beleid, met betrekking tot onbehoorlike indiening en wesentlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit wat nie aan die volgende vereistes voldoen nie:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Aansoeke sal slegs oorweeg word van entiteite wat ingelyf is in terme van die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 en die Maatskappyewet, 61 van 1973. Aansoeke van natuurlike persone (d.w.s indiwidue of eenmansake) en trusts sal nie oorweeg word nie. Regtehouers wat bestaan in die vorm van trusts sal hulle self moet inlyf as ‘n maatskappy of ‘n beslote

korporasie.

(b) **Wetsnakoming:** Aansoekers sal nie kwalifiseer vir die toekenning van inkvisregte, insluitende direkteure of beherende aandeelhouers, wat skuldig bevind is aan ‘n oortreding in terme van die WMLH (en gevonnis tot tronkstraf sonder die opsie van ‘n boete). Aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers, wie se visvangregte al gekanselleer of herroep was in terme van die WMLH, sal ook nie inkvisregte ontvang nie. Ander nie-nakomings van die WMLH sal ‘n nadelige invloed hê op die oorweging van die aansoek, soos hieronder uiteengesit sal word.

(c) **Papierkwotas:** ‘n papierkwota soos gedefinieer in die Algemene Beleid sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot ‘n geskikte vaartuig:** Aansoekers sal moet aantoon dat hulle toegang het tot ‘n geskikte vaartuig (***sien paragraaf 9 hieronder***).

(e) **Nie- gebruik***:* Daardie regtehouers wat versuim het om hulle medium-termyn kommersiële inkvisregte te gebruik tussen 2002 en 2004, sal nie weer regte ontvang nie.

8.2 Vergelykende balanseringskriteria

Alhoewel die volgende maatstawwe van toepassing sal wees op aansoeke van regtehouers sowel as nuwe inkomers sal dit verskillende gewig dra by die twee groepe.

(a) **Transformasie**

Tans besit swart persone slegs 33 persent van die regtehouers in hierdie vissery; 32 persent is onder swart bestuur.

Gevolglik sal aansoekers oorweeg word en ‘n punte telling ontvang ooreenkomstig

die volgende –

- Die persentasie swart en vroulike verteenwoordiging op eienaars- en uitvoerende bestuursvlak;
- Of werknemers aandeelhouers is in die aansoeker en die omvang van hulle voordele;
- Regstellende aankope;
- Die graad van swart en vroulike verteenwoordiging op die onderskeie vlakke onder die uitvoerende bestuursvlak;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, 55 van 1998; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) Belegging in die vissery

Wat aansoeke van regtehouers aanbetref, sal die Departement in besonder die volgende in ag neem:

- Belegging in geskikte vaartuie. In hierdie verband sal belegging in die vorm van aandeelhouding oorweeg word. Aansoeke van regtehouers sal nie beloon word op grond daarvan dat aankoop-, skeepshuur- of vangsooreenkomste aangegaan is nie.
- Belegging in bewerking- en bemarkingsinfrastruktuur. In hierdie verband sal die Departement aansoeke van regtehouers wat belê het in inkvis bewerking- en bemarkingsinisiatiewe, beloon.

Wat aansoeke van nuwe inkomelinge betref, sal die Departement in ag neem watter beleggings gemaak is in die vorm van vaartuie, sowel as bewerking- en bemarkingsinfrastruktuur. Verder sal aansoeke van nuwe inkomelinge moet aandui dat hulle die kennis, vaardigheid en vermoë het om te kan deelneem in die

inkvisvissery.

(c) Prestasie

Aansoeke van regtehouers sal oorweeg word deur te kyk na hulle prestasie gedurende die medium-termyn tydperk (2002 to 2004).

Aansoeke van nuwe inkomelinge sal oorweeg word deur te kyk of hulle die vermoë, kennis en vaardigheid het om inkvis te kan vang.

(d) Afhanklikheid van die inkvisvissery

Die Departement sal voorkeur verleen aan aansoekers wat staat maak op die inkvisvissery vir 50 persent of meer van hulle bruto jaarlikse inkomste. Aansoekers of hulle beherende aandeelhouers wat enige inkomste verkry van bronne buite die visindustrie, sal gepenaliseer word.

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die Departement sal 'n positiewe puntetelling toeken aan daardie aansoekers wat kies om hulle vangste aan land te bring by die kleiner hawens, soos langs die Kaapse suidkus en in die Oos-Kaap.

(f) Werksgeleenthede

Die inkvisvissery is arbeidsintensief en verskaf werk aan ongeveer 2 400 seevarende personeel. Die Departement sal daardie aansoekers beloon wat hulle werknemers voorsien, of onderneem om te voorsien, van –

- Permanente indiensneming;
- Mediese- en pensioen voordele;

- Enige ander diensvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

Die Departement sal ook kyk na die loonverskille tussen die hoogs- en laagsbesoldigde werknemers.

(g) Nie-betaling van heffings

Die Departement vereis dat elke regtehouer 'n heffing betaal op al die teikenvis wat aan land gebring word. 'n Aantal regtehouers het, of nie hulle heffings betaal nie of het vangste onderrapporteer, onder andere om die betaling van heffings vry te spring. Laasgenoemde groep sal heeltemal uitgesluit word. Eersgenoemde groep (diegene wat glad nie heffings betaal het nie) sal gepenaliseer word in die vergelykende balanseringsproses, soos wat hieronder uiteengesit sal word. Selfs in die geval van aansoeke van regtehouers wat steeds kwallifiseer vir regte, sal 'n permit egter nie uitgereik word nie, totdat die totale bedrag heffings betaalbaar (plus rente) aan die Departement betaal is nie.

(h) Wetsnakoming

Regtehouers, insluitende hulle direkteure en beherende aandeelhouers, wat tans ondersoek word vir kriminele- of administratiewe oortredings van die WMLH, sal nie kwalifiseer vir inkvisregte totdat die betrokke ondersoek afgehandel is nie.

Geringe oortredings van die WMLH insluitende regulasies, deur die aansoeker, sy direkteure of beherende aandeelhouers, sal meebring dat daar aan die aansoeker 'n negatiewe puntetelling toegeken word.

8.3 Bemagtiging van inkvis-vissers

Die Departement sal vereis dat visserbemanning wat van voorneme is om op inkvisbote te werk hulle op die Departement se Inkvis Bemanningslys laat registreer. Suksesvolle aansoekers sal verplig wees om hulle bemanning te kies uit diegene wie se name op hierdie lys verskyn.

8.4 Pogingtoekennings

Gedurende die proses van medium-termyn regtetoekenning, is die toekenning van bemanning aan vaartuie vasgestel ooreenkomstig 'n formule gebaseer op die lengte van die vaartuie wat deur susksesvolle aansoekers aangewys is. Suksesvolle aansoekers is al die vaartuie toegeken wat hulle aangewys het. Die Departement is van voorneme om hierdie metode vir die aanwysing van pogingskwantum te hersien.

Eerstens sal die Departement bemanning toewys volgens die maksimum bemanningsgetal wat toegelaat word deur die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsvereniging (*"SAMVV")*. Die Departement sal 'n poel van ongeveer 30 vaartuie reserveer vir toewysing aan aansoekers wat reeds getransformeer het, of wat belê het in inkvisvaartuie. Die Departement sal een vaartuig toeken aan elke suksesvolle aansoeker. Die poel gereserveerde vaartuie sal toegewys word aan daardie aansoekers wat die hoogste puntetelling gekry het, volgens die transformasiekriteria en wat die gebruik van meer as een vaartuig versoek het.

9. Geskikte vaartuie

'n Geskikte vaartuig in die inkvisvissery is 'n vaartuig wat::

- 'n minimum SAMVV gesertifiseerde lengte van ongeveer agt meter het. Kleiner vaartuie kan oorweeg word afhangende van hulle inkvis visvangprestasie;

- ‘n funksionele vaartuig moniteringsisteem het; en
- wat toegerus is vir die vangs van inkvis met gebruik van die jiggermetode.

Vaartuie sal diskwallifiseer word as dit kunsmatig verleng is deur die reghouer in ‘n poging om sy bemanningsgetalle te vermeerder.

10. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die inkvisvissery word nie verhoed om regte te hê in Groep A of Groep B visserye nie. Regtehouers in die inkvisvissery (insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van die uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in Groep C of Groep D visserye te hou nie.

11. Aansoekfooie en heffings

Die aansoekfooi vir die inkvisvissery sal vasgestel word met verwysing na die volgende:

- Die koste van die hele regstoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, die evaluering van aansoeke, verifiëring, appèlle en hersienings. In hierdie verband sal die koste wat aangegaan is gedurende die medium termyn prosedure ‘n riglyn daarstel; en
- Die waarde van die inkvis wat toegeken word, gedeel deur die tydsduur van die regstoekenning.

Die jaarlikse heffing wat betaalbaar is sal met ingang 1 Januarie 2006 hersien word na oorlegpleging met al die belanghebbendes en geaffekteerde partye.

12. Bestuursmaatreels

Die bestuursmetodes wat hieronder uiteengesit word, weerspiëel sommige van die Departement se voornemens vir die bestuur van die vissery in die tydperk na regte toekennings.

11.1 Die ekosisteem benadering tot visserybestuur

Die inkvisvissery sal bestuur word ooreenkosmtig die ekosisteem benadering tot visserye ("EBV"). 'n Ekosisteem benadering tot visserybestuur is 'n holistiese en ge-integreerde beleid wat erkenning verleen aan die feit dat visvang en ander land gebaseerde aktiwiteite 'n invloed het oor die breër mariene omgewing. Hierdie deel van die inkvisbeleid poog nie om 'n beleidstandpunt te voorsien vir EBV in die inkvisvissery nie. Die EBV in die inkvisvissery sal in verdere besonderhede aandag geniet in die Inkvisvissery Bestuurshandleiding. Suid-Afrika bly steeds verbind tot die teiken datum van 2010 vir die implimentering van 'n EBV in die kommersiële visserye, insluitende die inkvisvissery.

12.2 Konsolidering van deelnemers

Na die afhandeling van die toekenning van die agt-jaar kommersiële visvangregte in hierdie vissery, sal die Departement die konsolidering van die aantal regtehouers wat steeds betrokke is in die vissery fasiliteer, veral in gevalle waar:

- Regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan deel; of
- Kleiner regtehouers besluit om hulle ondernemings te konsolideer.

Konsolidering van regtehouers is egter ondeworpe aan die Departement se benadering tot monopolieë. ***(sien paragraaf 12.4 hieronder).*** Verder sal konsolidasie nie gesteun word deur die Departement waar dit kan lei tot 'n afname in die transformasie profiel van die vissery nie.

12.3 Vaartuie en visvangpoging

Daar is tans 163 inkvisvaartuie in die vissery. Alhoewel die huidige vaartuigpoging

optimaal is, sal die aantal vaartuie dalk verminder moet word, indien daar ‘n vermindering is in die TOV. Die Departement sal egter eers probeer om die visvangpoging in hierdie vissery te beperk deur byvoorbeeld die vermindering in die gebruik van ligte, deur sekere areas te sluit en deur die geslote seisoen te verleng.

12.4 Monopolisering

Alhoewel die Departement die konsolidering van regtehouers in hierdie vissery sal aanmoedig, bly dit gekant teen monopolieë aangesien dit tot nadeel kan wees vir die kleiner regtehouers.

13. Prestasiemeting

Die Departement sal formele prestasiemeting onderneem vir die volle tydperk van die kommersiële regte. Daar word beoog dat die eerste stel metings sal plaasvind binne ‘n jaar na die toekenning van die regte en daarna elke drie jaar.

Alhoewel die Departement eers die presiese maatstawwe vir die meting van regtehouers sal finaliseer, na die toekenning van kommersiële visvangregte en na oorlegpleging met regtehouers, sal die volgende breë prestasieverwante maatstawwe wel gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie en toerusting;
- inkvisvangsprestasie;
- nakoming van die toepaslike wette en regulasies.

14. Waarnemersprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om ook wetsnakoming in te sluit. Verder sal die Departement ook die waarnemersdekking in hierdie vissery

toenemend vermeerder. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemersprogram te dek.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permit voorwaardes wat van toepassing is op die vissery vir die 2005 seisoen word aangeheg as **Bylae A**. Belanghebbendes en geaffekteerde partye word genooi om kommentaar te lewer op hierdie permitvoorwaardes.